

Eiesoortige kunsliedtaal vlot uitgedruk

Beeld · 5 Aug 2016 · · Paul Boekkooi Hanli Stapela (sopraan) en Bryan Wallick (klavier) Miriam Makebakonsertsaal, Unisa, Pretoria

Die kunslied het talle gesigte, terwyl meertalige toonsettings deur komponiste van wydlopende nasionaliteite oor eeue nog verdere dimensies tot dié intieme kunsvorm gevoeg het. Tog is dit helaas steeds minderheid s gehore wat ’n identifikasie daarmee ontwikkel en behou het.

Die segetog wat opera as genre veral in die laaste 70 jaar beleef, het die fokus helaas laat weg-beweeg van Lieder, melodie, canción, canzone, of watter ander meertalige universele benamings daar vir die lied bestaan. Vir ’n meerderheid operasangers is die liedkuns ’n syvertakking wat sporadies betree en nog minder gekoester word.

Dank dus aan Hanli Stapela wat dit ryklik bly ontgin en dit met die klein groepies bekeerdes rondom die kunsvorm bly deel. In Bryan Wallick het sy ’n simpatieke en veral ondersteunende pianis gevind wat baie duidelik die stilistiese diversiteit en eise van dié repertorium begryp en deurgrond.

Hul program is geopen met vyf Arie antiche – vroeë Italiaanse arias deur Giordani, Handel, Gluck en Pergolesi. By die meerderheid van hulle staan ’n eenvoud van teks en uitdrukking sentraal: In ’n sekere sin dus voorlopers van die lied.

In “Caro mio ben” van Giordani en “Laschia ch’io piango” uit Handel se Rinaldo was Stapela se vermoë om die stemming en emosies presies binne die omlyning van die tekste suggereer bewonderenswaardig. Die intenser teks in Gluck se “O del mio dolce ardour” is dan ook met ryker vokale uitdrukking verwesenlik.

Hierna was daar, benewens die uitbou van die melodiese lyn, ook ’n duidelike dramatiese inlewing wat gesigsuitdrukking en liggaamstaal betref by haar vertolking van “Se tu m’ami” van Pergolesi. Eers in Handel se resitatief en aria “Piangerò la sorte mia” uit Giulio Cesare het die dramatiek rondom opera gepas sentraal in dié uitvoering gestaan.

Die kleurryke simboliek en verruklike, sfeer volle en soms bykans impressionistiese aura in die musiektaal van Reynaldo Hahn op Franse tekste, was universeel tasbaar in Stapela en Wallick se ekstatische beleving daarvan. Elkeen van die vier toonsettings het eiesoortige kenmerke – van sjar-me tot iets wat tot aan die grense van pastiche beweeg – geopenbaar.

Vyf kontrasterende Lieder deur Richard Strauss het die kern van dié uitvoering verteenwoordig. In elkeen was dit opvallend hoe soepel Stapela en Wallick die weelderige en soms selfs ingewikkelde melodieë laat klink het en hoe uiteindelik die spanning na ’n slotnoot oploop waarin alles opgelos word. Verlaas “Morgen!” was intens meevoerend.

) Drie Sibelius-liedere rondom jong liefde weerspieël oomblikke van uitdagende dramatiese eise te midde van ’n tessituur wat origins gemaklik deur Stapela beheer is. Ook in die drie kort liedere uit Barber se opus 13, Lehár se Vilja en in twee toegifte, Dvorák se “Als die alte Mutter” uit Zigeunerlieder en “Rooidag” van S. le Roux Marais, is hartsnare verder geroer.